

Hoendertjie speel

Vyf fraai
vingertjies,
poffertjies dik;
hier kom die
hoendertjie
pik, pik, pik!

Maak gou 'n
vuisie,
vingertjies vyf:

vat vas die
vingertjies
styf, styf styf.

Vyf fraai
vingertjies,
vuisie so sterk;
weg vlug die
pikkertjie,
weg, weg, weg!

ELSA DU TOIT (DJ OPPERMAN SE KLEUTERVERSEBOEK)

yp

& kleuter
Baba

Tik- en drukspeletjie

Traantjie-ogies,
frummelneusie,
krummel mondjie,
handvol grondjies
beentjies rietjies,
bloukolknietjies,
nerf-af toontjies.

Skiet hom in die
magie!
Soen hom in sy
kragie!

Treinrympie

Sakke, pakke
sout en peper;
gee my stoom
dan loop ek beter.

Wielie-Walie

Wielie-wielie-walie,
die aap sit op die balie.
Tjoef-tjaf val jy af.
Wielie-wielie-walie.

TRADISIONEEL (FAK)